

Saterdag 11 Mei

**Skrifgedeelte: Handeling 2:37-47
(1983-vertaling)**

Fokusgedeelte: Handeling 2:39

Ook die kinders hoort by die kerk

In die kerk is ons as grootmense soms geneig om van die kinders te vergeet. Ons vergeet byvoorbeeld om ook met hulle in die kerk te praat of hulle deel van die gesprek met huisbesoek te maak.

Die troos van ons fokusgedeelte is dat as ons, as grootmense, soms van hulle vergeet, die Here hulle nie vergeet nie. Inteendeel, hulle word by sy beloftes ingesluit. Daarvan getuig die woorde: *“Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders ...”*

In dié opsig is dit nie vreemd dat die kinders van gelowiges by God se beloftes ingesluit word nie. As God met Abraham ’n verbond sluit, word gesê: *“Ek bring ’n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en hulle geslagte ...”* (Gen. 17:7). In Jesaja 44 ontvang die kinders van gelowiges ’n volle deel van die verbondseën as ons lees: *“Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond. Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.”* En met Pinkster was dit nie anders nie. As Petrus in sy pinkstertoespraak die hart van die evangelie uitlig, naamlik die belofte van redding en verlossing in Christus, die vergewing van sondes en die gawe van die Heilige Gees (eintlik al die beloftes wat deur die doop afgebeeld word), dan is dit nie net die grootmense wat glo wat daarin deel het nie. Wat God belowe het, is ook vir hulle kinders. En dan wys hierdie *“kinders”* ook op *“nageslag”*.

Hoe wonderlik om as gelowige ouer te kan weet dat dieselfde goed wat die Here aan my beloof het, Hy ook aan my kind/ers beloof. Maar dis ook gedeeltes soos dié wat ons herinner dat ons kinders nie net die toekoms van die kerk is nie. Hulle is nou reeds deel van die kerk. Hulle hoort by die kerk. Ons moenie van hulle vergeet nie, want hulle het, net soos die grootmense, aan God se beloftes deel.

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. PC van Rooy (Nelius) (Elandskraal)